



ELZETTE MINNAAR TOERE

Tel 012 546 0770

Tel 012 565 4883

Sel 082 761 7115

Faks 086 628 6146

info@minnaartoere.co.za

www.minnaartoere.co.za

OVERBERG EN KAAPSTAD 8 – 16 OKT 2020



Die **Overberg** is 'n streek in Suid Afrika oos van Kaapstad anderkant die **Hottentots Hollandberge**. Die naam beteken “oor die berg” en is 'n verwysing na die streek se **ligging ten opsigte van Kaapstad**.

Do 8 OKT

Ons vertrek vanaf die Garden Court Hotel (h/v Pretorius en Endstraat) na Lanseria Lughawe vir ons **vlug na Kaapstad**. Vanaf die lughawe vertrek ons na **Houtbaai**. Ons gaan op 'n bootrit na **Duikereiland** om die robbe te sien. By ons terugkeer eet ons heerlike vis en skyfies by Mariners Wharf! (eie koste). Ons maak ook 'n draai by **Mineral World**. Indien daar nog tyd oor is maak ons 'n draai by die Waterfront. **Aandete en oornag Kaapstad**.

Vry 9 OKT

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons vanaf **Kaapstad** in die rigting van die Strand, Gordonsbaai, Rooiels en **Bettysbaai**. **Hier besoek ons die Pikkewyne by Stoney Point**. Ons reis verder deur Hawston, Vermont, Onrusrivier tot by **Hermanus**. Die naam **Hermanus** kom van **Hermanus Pieters**, die eerste man wat hom in die gebied gevestig het. Hy was 'n skaapwagter en visserman wat naby 'n fontein gewoon het. **Behalwe vir fynbos, is Hermanus wêreldwyd bekend vir sy walvisse** en staan bekend as die walvisbesigtiging hoofstad van die wêreld! Die rede hiervoor is dat die kuslyn baie klipperig is en daarom ideale uitkykpunte verskaf. Hermanus het selfs sy eie "**Whale Crier**" (**die enigste een in die wêreld**). Hy stap deur die strate van die dorp (Junie -November) en blaas op sy **bamboes trompet** om mense in te lig oor waar walvisse te siene is! Ons loop op die hout wandelpaadjie langs die see of sit op die rotse op soek na die **Suidelike Noordkapper walvisse** wat hoog uit die water spring in **Walkerbaai**!! Vandag is daar ook 'n geleentheid om op 'n opsionele bootrit te gaan om die walvisse van nader te gaan besigtig! Dis 'n belewenis! Ons bring ook 'n besoek aan die **Walvismuseum** en **Fernkloof Natuurreservaat**! Hierdie Natuurreservaat is ryk aan verskeie spesies fynbos en het ongelooflike mooi uitsigte oor Hermanus. **Aandete en oornag Voëlklip, 4km uit Hermanus**.

Sat 10 OKT

Na 'n heerlike ontbyt vat ons die pad kuslangs in die rigting van **Stanford, Oukraal tot by Napier** waar ons weer bene rek en die oulike toeriste winkels besoek. Hierdie dorp is deur die **Toerisme Raad**



aangewys as die vierde aantreklikste dorp in die **Weskaap**, die **ander dorpe is Montagu, Greyton en McGregor**. Ons reis hiervandaan deur **Struisbaai na Kaap Agulhas**, die mees suidelikste punt van Suid Afrika waar die twee oseane bymekaar kom. Ons neem mooi foto's van hierdie historiese plek. Hierna besoek ons die **interessante ligtoring** waar u met die trappe na bo kan klim vir 'n wonderlike uitsig. **Hierdie is net vir die dapperes!** Ons sit ons reis voort na **Waenhuiskrans** waar ons vir die volgende drie aande gaan oornag. **Waenhuiskrans is ook bekend as Arniston**, een van die min dorpe in Suid-Afrika met twee name. **Aandete en oornag Waenhuiskrans.**

So 11 OKT

Na 'n heerlike ontbyt neem die bus ons na die **naaste punt** waarvandaan ons begin stap vir 'n besoek aan die **bekende grot by Waenhuiskrans** wat slegs toeganklik is wanneer dit laagwater is. Ons besoek ook **Edna se interessante skulpversameling!** In die namiddag het ons 'n **begeleide toer deur Kassiesbaai**. Hierdie vissersdorp is in sy geheel tot 'n **Nasionale Monument** verklaar, ons leer meer van die interessante mense wat daar woon en besoek hulle **werkswinkel en teehuis**. **Aandete en oornag Waenhuiskrans.**

Ma 12 OKT

Na 'n vroeë ontbyt vetrek ons met **4x4 voertuie na De Hoop Natuurreservaat** via die privaatpad van **Denel** wat deur die **Overberg toetsbaan** loop. Ons besoek **Koppie Alleen** wat geleë is in **De Hoop Natuurreservaat** aan die Kaapse walviskus. Dit is 'n baie idilliese ligging in die duine en bied gaste rustigheid en afsondering ver van die gewoel af. Ons geniet 'n **ligte piekniek middagete** terwyl ons na Walvisse soek. **Aandete en oornag Waenhuiskrans.**

Di 13 OKT

Vroegoggend na ontbyt vertrek ons in die rigting van die geskiedkundige **Swellendam via Malgas** waar ons die **enigste rivierpont** wat steeds in gebruik is in Suid-Afrika, besoek. Vir 'n donasie neem hulle ons met die pont oor na die anderkant van die rivier en weer terug. Dis nogal 'n ervaring! Ons doen aan by die **Brede Rivier Trading Post** waar u koffie, tee, koeldrank en toebroodjies kan geniet. Daar is ook 'n kans dat ons dalk van die **Bloukraanvoëls** van die omgewing kan sien! **Voort na Swellendam** waar ons die **Museum kompleks** besoek. Ons reis verder op ons roete deur die indrukwekkende **Cogmanskloof** met sy pragtige ruwe rotsformasies tot by **Montagu**. **Aandete en oornag Montagu Springs.**

Wo 14 OKT

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na **Proteaplaas** waarvandaan ons 'n rit met 'n **trekker en sleepwa** gaan beleef. Dit is 'n ongelooflike rit wat mens neem tot hoog in die **Langeberge** waar mens die mooiste uitsig het oor die **Koovallei**. Bo-op die berg vier ons ons aankoms met 'n glasier sjerrie en lekker droëvrugte. Vir middagete smul ons aan 'n heerlike **vyfster potjiekosete** wat bedien word onder die bome. **Tradisionele kos soos soetpatats, kerrie afval, tamatiebredie, tuisgebakte brode en konfyf is op die spyskaart!** Ons maak ook 'n draai by die droëvrugte padstal en die bus kreun onder al die lekkernye wat ons koop! **Aandete en oornag Montagu Springs.**

Do 15 OKT

Nadat ons die innerlike versterk het, reis ons na **Bonnievale en Riviersonderend oppad na Greyton**. Hierdie dorp met sy boomryke strate en grondpaaie, het 'n kalmerende uitwerking op ons stedelinge. Die dorp is **150 jaar gelede gestig** as 'n landboudorp en die huise langs



die strate is gebou deur ongeskoolde werkers. Baie rose, toegegroeide **tuine en vrugtebome** gee 'n landelike sjarme aan die dorp. 'n Paar kilometer van **Greyton is Genadendal**, die eerste sendingstasie in Suidelike Afrika. Dit is in 1738 gestig deur die Duitse sendeling **Georg Schmidt**. Ons doen hier 'n begeleide toer saam met 'n gids. Dan volg ons die N2-snelweg en reis deur die groot dorpe in die Overberg soos **Caledon, Botrivier en Grabouw**. Ons ry oor die Houwhoekpas en later oor Sir Lowreypas. Ons stop by **Gordonsbaai** en ry dan verder tot in Kaapstad waar ons in die middag **Tafelberg** besoek. **Tafelberg met die kabelkar** wat 65 passasiers binne 5-minute na bo kan bring! Ons verlustig ons in die mooi uitsig en die pragtige struik! **Aandete en oornag in Kaapstad.**

Wo 16 OKT

Na ontbyt besoek ons die **Kompanjiestuine en die Museum**. Hierna vertrek ons na die lughawe vir ons vlug terug na Lanseria. Ons arriveer en vertrek met 'n bus terug na **Pretoria** met wonderlike herinneringe aan die **Overberg** en al die besondere plekke wat ons besoek het en al die wonderlike dinge wat ons beleef het!

Indien u nie 'n pensionaris is nie is daar 'n bybetaling van **R385** vir pryse van die Kabelkar Tafelberg, die Akwarium en Kirstenbosch waar pensionaris pryse van toepassing is.

OVERBERG en KAAPSTAD			8 – 16 OKT 2020	
Deposito	Prys	Enkelbybetaling	Vertrek om	Opklimpunt
R2 000	R12750	R2420	05.30vm	Garden Court Hotel
Bankbesonderhede	Naam van rekening: AMT Bank FNB Rekening nr 626 168 615 07 Takkode 254005			
Verwysingsnommer	U moet asb die volgende verwysingsnommer gebruik: OVE plus u van bv OVE-COETZEE			
Kontant inbetalings	MOET ASB NIE KONTANT IN ONS REKENING INBETAAL NIE. Maak asseblief gebruik van internet- of bank oorplasings. EPOS OF FAKS ASB DIE INBETALINGSTROKIE NA 086 628 6146 OF info@minnaartoere.co.za MET U NAAM, VAN EN TOER WAARVOOR U DIE INBETALING GEDOEN HET.			
Deposito	'n Deposito is betaalbaar met bespreking en die balans is betaalbaar 45 dae voor die spesifieke toer se vertrekdatum.			
Toerprys sluit in	<ul style="list-style-type: none"> • Vervoer vanaf Pretoria na Lanseria Lughawe • Retoervlugte vanaf Lanseria na Kaapstad • Busvervoer: tussen Kaapstad en die Overberg • Twee etes: Ontbyt en aandete • Alle toegangsgelde van besoekpunte soos op program aangedui <p>Nie ingesluit by prys Middagetes R80 bydrae ten opsigte van bagasiehanteringvir die hele toer R80 bydrae vir die busbestuurder</p>			